

27 April

Skrifgedeelte: Psalm 4 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 4:9

‘n Aandlied: Wel te ruste!

Dawid bid in Psalm 4:9 ‘n aangedbed. Dit is ‘n merkwaardige gebed. As koning is hy benoud, want in sy paleis is daar senior amptenare wat hom nie as koning eer nie (vers 3). Inteendeel, hulle bedink nietige dinge teen hom en vertel leuens oor hom. Hierdie bose optrede in die paleis syfer deur na die volk toe. Baie Israeliete sê (vers 7): “Wie sal ons die goeie laat sien?”

In sy benoudheid roep Dawid die Here aan. Hy pleit vir verlossing uit sy noodsituasie (vers 1). In sy smeekgebed doen hy tegelyk ‘n beroep op sy ontroue onderdane. Hy roep hulle tot inkeer (vers 5). Hy dwing hulle om reg te praat (vers 6). In Nuwe-Testamentiese taal sou ons sê: “Hou op om my te belieg en te bedrieg, sien my in Christus aan en respekteer my as medegelowige!”

Die nood wat Dawid beleef, is groot. Tog mag hy aan die einde van ‘n dag vol stryd en swaarkry gaan lê en meteens aan die slaap raak. Gedurende die nag hoef hy nie sy kop oor al die spanning van die afgelope en die komende dag te breek nie. Hy mag geestelik en liggaamlik tot rus kom. “Want U, o Here, alleen laat my in veiligheid woon.” Wie gedurende die dag saam met God leef en die goedheid van God in Christus ervaar, mag gedurende die nag onder die Vader se sorg slaap. Altyd. Onder alle omstandighede. Wel te ruste – dit kan ons mekaar in Christus gelowig toewens.

Sing: Psalm 139:2 Ds GJ Meijer (Wonderboompoort)